Overstrand Personeelblad/Staff Newsletter

Phambili!

Vorentoe/Forward

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality OVERSTRAND

UITGAWE 12 APRIL/MEI 2018

Goeie spangees tydens Overstrand Sportfees!

Die opwindende finaal van die Overstrand-sportfees wat op Saterdag 21 April by die Hawston Sportgronde gehou is, het weer eens bewys dat daar hope sporttalent in die Overstrand is.

Op die rugbyveld het Hawston met 52 - 24 oor Kleinmond geseëvier.

In die Twintig20-formaat krieket het Kleinmond eerste gekolf en 56 lopies aangeteken. Hawston wen met een paaltjie plat in die agtste boulbeurt. Die Hermanus Netbalspan het gedugte teenstanders van Mount Pleasant gewen.

Gansbaai het daarin geslaag om met die "Legendes" sokker-trofee vir die meer senior spelers weg te stap en Young Ideas het die sokkerfinaal teen iThemba gewen. Albei spanne is van Zwelihle.

Hawston wen die krieket

Hawston seëvier op die rugbyveld

Young Ideas wen die sokkerfinaal

Mount Pleasant Netbal is waardige naaswenners

Gansbaai Legendes stap weg met sokker-trofee

MOENIE TEKS EN BESTUUR NIE

#DitKanWag.

OM JOU AANDAG TE LAAT AFLEI, IS NOOIT OK NIE.

Ingevolge die Raad se beleid op vlootbestuur moet alle munisipale voertuie op 'n VEILIGE en BEDAGSAME wyse bestuur word ter wille van die bevordering van die munisipaliteit se OPENBARE BEELD.

Nadat klagtes van die publiek ontvang is dat amptenare
- nie sitplekgordels dra nie,
- op hul selfone klets terwyl hulle bestuur en/of
- teksboodskappe in die ry versend,

het Vlootbestuur, met 'n wonderlike inisiatief vorendag gekom waarvolgens alle amptenare met 'n rybewys moet beloof om "nee" te sê vir enigiets wat hul aandag aflei terwyl hulle bestuur. Hierdie inisiatief sal hopelik in die loop van die jaar by alle administrasies ontplooi word.

Alhoewel baie werknemers maar al te goed weet dat hulle nie mag teks en bestuur nie, doen hulle dit nogtans - hoofsaaklik omdat hulle daarmee kan wegkom.

Die plan

Kollegas, omdat jy en jou gesin vir Munisipaliteit Overstrand belangrik is, doen ons 'n beroep op jou om veiligheid voorop te stel wanneer jy agter die stuurwiel inklim.

Dit neem net 'n breukdeel van 'n sekonde om 'n ongeluk te veroorsaak. Ons boodskap is eenvoudig, dog allerbelangrik: Wat die versending van teksboodskappe terwyl jy bestuur aanbetref, dit kan wag.

- **WEES SLIM.** *Moenie teks en bestuur nie. Geen teksboodskap is 'n lewe werd nie.*
- **WEES IN BEHEER.**
- **WEES SORGSAAM.** *Moenie 'n teksboodskap stuur as jy weet dat 'n lid van jou gesin, 'n vriend of 'n kollega besig is om te bestuur nie.*
- **WEES GEFOKUS.** *Moet nooit jou foon gebruik om foto's te neem, boodskappe te stuur of te lees, video's te neem of om TV te kyk terwyl jy bestuur nie.*
- **WEES 'n VOORBEELD.** *'n Onlangse opname het getoon dat 77% van tieners sê dat volwassenes hulle vermaan om nie te teks en te bestuur nie, maar dit dan self "die heeltyd" doen. Dus, stel asseblief 'n voorbeeld.*
- **WEES BEWUS.**
- **WEES PRO-AKTIEF.** *Beloof om nooit te teks en te bestuur nie, en hou daarby*

BEAMPTES KWYT HUL GOED VAN HUL TAAK

"en hartlik dankie vir almal wat tyd saam met familie en vriende ingeboet het om seker te maak dat alles vlot verloop"

'n Telling van die voertuie wat Hermanus oor die afgelope Paasnaweek binnegekom het, dui op 'n piek van 6 487 voertuie op Vrydag 30 Maart, en soveel as 5 765 voertuie op Sondag 1 April. In die teenoorgestelde rigting is soveel as 7 427 voertuie op Saterdag 31 Maart deur die dorp getel.

Om die ekstra "verkeer" deur ons dorpe te kon hanteer, het ongetwyfeld geverg dat almal wat aan diens was, hul beste moes lewer: En julle het bewys dat julle meer as opgewasse vir die taak is.

As so 'n ekstra "welgedaan"-kloppie op die skouer, hou in gedagte dat Overstrand se ekonomie oor dié naweek 'n stewige hupstootjie gekry.

Vir die aandeel wat jy daarin gehad het om te sorg dat alles volgens plan verloop, sê ons BAIE DANKIE. Veral aangesien die moeite wat jy gedoen het ongetwyfeld help om Overstrand se aanloklikheid as 'n toerismebestemming te verhoog – 'n visie waarin ons almal deel aangesien dit die sleutel is tot ons lang termyn volhoubaarheid.

VKB-WERKSESSIE hoogs insiggewend en leersaam

Munisipaliteit Overstrand se voorsieningskanaalpraktisyns en -gebruikers het op 4 en 5 April by kollegas van Theewaterskloof en die Overbergdistriksmunisipaliteit aangesluit vir 'n VKB-opleidingswerksessie wat in Hermanus gehou is.

Die volgende onderwerpe is, onder andere, aangeraak: die VKB-model/stelsel en die regsomgewing, vraag- en verkrygingsbestuur, tenderkomitees, spesifikasies en kontrakbestuur.

Advokaat Helen Venter was die hoofspreker, en soos Sonja Immelman van VKB op Hermanus dit gestel het: "Enigeen wat ooit die voorreg het om 'n sessie deur adv. Helen Venter by te woon, moet die geleentheid met ope arms aangryp. Dit was baie leersaam en insiggewend."

Teenwoordig by die opleidingswerksessie was [agter] Johanndré Grobler (hoofklerk: kontrakbestuur), Rita Neethling (hoofklerk: VKB-verkryging), Sonja Immelman (hoofklerk: VKB-verkryging), Gerrit Coetzee (hooftegnikus: bou-afdeling), Tiaan Marx (hooftegnikus: operasioneel) en [voor] Mike Bartman (adjunk-direkteur: gemeenskapsdienste), Buli Plaatjies (bestuurder: Hermanus-administrasie) en Christo Roets (bestuurder: kontrak- en logistiek).

SOEK MY LANGS DIE VISWATERS!

Ná 31 jaar groet Johan sy maters by die werkswinkel

Johan Hanekom (regs) saam met gewaardeerde vriend, kollega en visvangmaat Rian Rust

Min mense kan hulle daarop roem dat hulle verskeie "administrasies" oorleef het. Johan Hanekom, superintendent: werkswinkel, kan beslis daarop aanspraak maak dat hy dit met flair vermag het.

Sedert hy in 1986 as 'n gekwalifiseerde dieselwerktuigkundige by die munisipaliteit aangesluit het, was hy 'n staatmaker van die Hermanusmunisipaliteit, die Groter Hermanusmunisipaliteit en, tot op hede, van wat vandag as Overstrand bekend staan.

Op Vrydag 23 Maart het Johan se kollegas gepas van hom afskeid geneem, gegewe dat hy besluit het dat die tyd aangebreek het om sy groot passie, hengel, in alle erns op te neem.

Op die oomblik, sê Johan, is hy maar al te gewillig om die raserige werkswinkel te verruil vir die rus en vrede wat 'n gewoel met hengelstok en visgerei meebring, mits sy rug hom nie opkeil nie.

Johan moes onlangs vir die tweede keer 'n groot rugoperasie ondergaan, wat aanleiding gegee het tot sy besluit om 'n bietjie vroeër af te tree.

Nietemin, enigeen wat teen sonop of vroegaand langs 'n paadjie of op die strand wandel, sal Johan waarskynlik op sy pos vind: Wagtende op 'n niksvermoedende galjoen of steenbras om 'n happie van 'n baie, baie spesiale konkoksie te vat.

Soos te verwagte gaan Johan nooit, ooit daai resep deel nie; hy gaan ook nie verklik waar die beste plekke is om lyn nat te maak nie!

Namens *Phambili* hou ons duim vas dat vroulief, Yvona, en die kinders, Hanlie en Johan, baie staaltjies te vertelle sal hê oor die knewel wat weggekom het…

DWELMS EN DRANK IN DIE WERKSPLEK

Munisipaliteit Overstrand is daartoe verbind om die hoogste moontlike standaarde van beroepsgesondheid en -veiligheid te handhaaf en beskou alkohol- en dwelmmisbruik as ontwrigtend en skadelik vir 'n veilige en produktiewe werksomgewing.

As 'n werknemer moet jy hierdie beleid ernstig opneem aangesien oortredings jou loopbaan in gevaar kan stel en selfs op die lange duur jou lewe kan verwoes.

Ons beleid in hierdie verband geld vir alle werknemers en kontrakwerkers terwyl hulle aan diens is of op Munisipaliteit Overstrand se persele teenwoordig is.

Die munisipaliteit beskou middelmisbruik en -afhanklikheid as behandelbare gesondheidsprobleme en aanvaar dat werknemers wat sulke probleme ervaar van hulp voorsien moet word, onderworpe aan sekere voorwaardes soos uiteengesit in hierdie beleid. Alhoewel die munisipaliteit nie inbraak sal maak op die private lewens van werknemers nie, verwag dit wel dat alle werknemers vir werk sal aanmeld in 'n toestand wat hulle in staat stel om hul pligte veilig en doeltreffend uit te voer.

Die munisipaliteit plaas 'n hoë premium op sy statutêre en gemeenregtelike verpligtinge om die veiligheid van sy werknemers te verseker. Dit beskou werknemers wat chemiese of alkoholiese middels op die persele gebruik of op die persele onder die invloed is terwyl hulle aan diens is dus in 'n ernstige lig.

Om te bepaal of 'n werknemer dalk onder die invloed is, sal kliniese observasies oorweeg word tesame met alkohol- en/of dwelmtoetse wat op die persele aangebied word vir werknemers wat vermoedelik besope/bedwelm is.

Ten einde 'n gepaste strafmaatreël te bepaal, sal die bestuur alle tersaaklike feite oorweeg, insluitende op die werknemer se gedrag 'n veiligheidsrisiko vir hom/haarself, kollegas of die publiek ingehou het en of dit Munisipaliteit Overstrand se goeie naam en aansien kon skaad.

Werknemers wat aangesê is om bystandsdiens te verrig, sal as "aan diens" geag word en sal onderworpe wees and dieselfde stipulasies as daardie wat vir werknemers gedurende normale werksure geld.

Ingeval werknemers uitgeroep word om werk buite normale werksure te verrig waar geen reëling vooraf getref is dat die werknemer op 'n gespesifiseerde tyd moet aanmeld nie, moet die werknemer die skofvoorman of bestuurder inlig dat hy/sy alkohol gebruik het sedert sy/haar laaste skof.

Indien die werknemer nie die verifikasie- of intoksikasietoets slaag nie, sal die werknemer huis toe gestuur word sonder enige straf.

Indien die werknemer nalaat om die skofvoorman of bestuurder in te lig en positief toets nadat hy/sy reeds met sy/haar pligte begin het, sal daar tot die normale dissiplinêre optrede oorgegaan word.

Vir hulp om verslawing of skadelike dwelm- en alkoholgebruik te oorkom, kan jy die arbeidsverhoudinge-afdeling kontak by 028 313 8122, of die departement van gesondheid se hulplyn: 021 940 4500 of 0800 220 250. Enigiets wat bespreek word, sal vertroulik bly.

Hier staan Daneel Whiting met van die produkte wat ingesamel is en aan Eucome Ward se familie geskenk is. (Eucome, 'n steratleet van Hawston, het langs die pad tussen Hawston en Fisherhaven gedraf ter voorbereiding vir die Boland-atletiekbyeenkoms toe hy raakgery en noodlottig beseer is).

Ruimhartige begrotingskantoor

Die span by die begrotingskantoor het onderling 'n inisiatief begin om maandeliks iemand in nood te help. Daardie persoon kan iemand se buurman/vrou wees, of 'n instansie of enigeen aan wie hulle kan dink waar die finansies maar knor en wat kan doen met 'n onverwagte bederfie. Hulle meen hulle is almal bitter dankbaar om 'n werk te kan hê en, op die koop toe, wat is dan nou lekkerder as mens iets het om te gee, al is dit net ietsie kleins.

SPOGGERIG MET AL DIÉ AKADEMIESE PRESTASIES

ANVER WYNGAARD, *senior uitvoerende ondersteuningsbeampte in die direktoraat gemeenskapsdienste het sy studies aan die Management College of Southern Africa voltooi. Hy het sy BA Hons in Openbare Administrasie (NKR vlak 8) op 7 April 2018 in Durban ontvang.*
Anver het sy dank teenoor sy gesin en kollegas vir hul ondersteuning uitgespreek, en gesê: "Ek is so dankbaar vir die beurs wat Overstrand aan my gegee het om my kwalifikasies tot dusver suksesvol te voltooi en ek hoop dat hierdie kwalifikasies en ervaring my loopbaan by die organisasie tot die volgende vlak sal voer."

AKKERTJIES SLIM NUWE "JUFFROU" RYKER: *Carlouw Engelbrecht (kommunikasie en inligtingstegnologie) se dogter, Kaila Engelbrecht, het op 7 Maart haar B.Ed-graad aan die NWU, Potchefstroom verwerf. Sy gee reeds Wiskunde, Natuurwetenskappe en Tegnologie vir graad 6-leerders by die Laerskool Worcester-Noord (bekend as die Akkertjies). Op sportterrein rig sy die eerste en tweede tennisspanne sowel as die dogters se eerste hokkiespan af.*

TWEE MA'S VERBONDE AAN HAWSTON SE BIBLIOTEEK HET REDE OM BREED TE GLIMLAG: *Kollegas Belinda May (heel regs) en Hillary Arinds (heel links) se seun en dogter (Charlton en Tamlin) het onlangs hul grade aan die Universiteit van die Wes-Kaap verwerf.*

Tamlin het haar graad in sielkunde verwerf en sit tans haar studies voort met die oog daarop om eers 'n honneursgraad in opvoedkundige sielkunde te verwerf en daarna in kliniese sielkunde te spesialiseer.

Charlton het sy BA-graad met Afrikaans, Geografie en Linguistiek as hoofvakke verwerf. Ook hy gaan sy nagraadse studies aan die Universiteit van die Wes-Kaap voortsit met die oog daarop om as onderwyser te kwalifiseer.

GEVORDERDE DIPLOMA MAAR NET NOG 'N STAP IN CHANTELLE SE STREWE NA UITNEMENDHEID: *In 2010 het Chantelle Hill – beampte: plaaslike ekonomiese ontwikkeling in die direktoraat ekonomiese ontwikkeling en toerisme op Hermanus – 'n Sertifikaat in Ekonomiese Ontwikkeling aan die Universiteit van die Wes-Kaap verwerf en in 2016 'n professionele program in plaaslike ekonomiese ontwikkeling aan dieselfde universiteit voltooi. Op 5 April 2018 het sy weer eens aan hierdie universiteit gegradueer, hierdie keer met 'n Gevorderde Diploma in Openbare Administrasie.*
Chantelle sê hierdie is nog lank nie die einde van die pad nie en haal Jeremia 29:11 aan wat soos volg lui: Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!
Sy deel graag haar motto met haar kollegas: "Onthou altyd dat jy tot alles in staat is deur Christus wat aan jou krag gee."

ASANDA HET HAAR OOG OP 'N PHD: *Asanda, dogter van David Mgoduseni Nkunkumana wat vir die parke-afdeling in Hermanus werk, het onlangs haar BEd met Engels en Lewensoriëntering as hoofvakke aan die Universiteit van Wes-Kaapland verwerf. Haar akademiese reis het in 2014 afgeskop en sy hou tans skool by die Waldorf-skool in Hermanus op 'n ses-maande-kontrak. "My visie vir die toekoms is om te werk en ervaring op die terrein van die onderwys op te doen en om, in 'n latere stadium, my studies voort te sit. Ek sien dat ek nog eendag 'n PhD gaan verwerf," het Asanda gesê.*

NÓÚ KAN SY VOOR DIE HOF VERSKYN: *In Maart 2018 het Taryn Scholtz van Mount Pleasant as 'n volwaardige prokureur gekwalifiseer. Sedert sy haar graad in die Regte in 2015 aan die Universiteit van die Wes-Kaap verwerf het, het Taryn haar klerkskaptyd by die prokureursfirma Adrian Louw in Hermanus deurloop, in wie se diens sy dan ook tans is. Gegewe dat sy hierdie mylpaal op só 'n jong ouderdom bereik het, is Taryn se raad aan haar eweknieë: "Moet nooit jou drome versaak nie. Maak nie saak hoe vergesog daardie drome op die oomblik mag lyk nie, vertrou dat harde werk, toewyding en die onwrikbare ondersteuning van jou geliefdes jou sukses sal verseker. Ek wil elke jongmens wat hierdie boodskap lees, aanmoedig om te droom: Solank jy drome koester, kan jy enigiets vermag – ongeag jou agtergrond."*
Taryn is die dogter van Richard Scholtz wat vir die parke-afdeling in Hermanus werk.

Medekollegas Carina Dignas (links), Johnty Kesner en Ashley Swartz saam met Saartjie Heyns.

SAARTJIE GROET

Kollegas het vroeg in Maart afskeid geneem van Saartjie Heyns verbonde aan die uitgawe- en batebestuurafdeling by finansies.

Almal wat die afskeidsgeleentheid bygewoon het, het net lof gehad vir Saartjie en haar as 'n vriendelike, behulpsame mens beskryf wat maar al te bereid was om van diens te wees en enige probleem te help oplos.

"Saartjie, ons gaan jou as mens en staatmaker baie mis, maar ons gun jou om uit te tree. Ons eer jou vir die mens wat jy is en wens jou 'n heerlike aftrede toe," het Hannes Vorster (senior bestuurder: uitgawe-en batebestuur) tydens die geselligheid gesê.



TROUKOORS! *Yolindi Nothling, 'n taakadministrateur verbonde aan menslike hulpbronne in Hermanus, en Jacques Swart is op 3 Februarie by die Fernkloof-natuurreservaat in die huwelik bevestig. Yolindi sê dit was 'n groot voorreg om albei Jacques se broers (onderskeidelik van Spanje en Pretoria) op die troue te hê asook haar tweelingsus en ander suster wat in Durban woon. "Ons is baie geseënd omdat alles wat ons wou gehad het, net eenvoudig in plek geval het. Die dag vóór die troue het dit behoortlik gereën, en die dag met ons troue was dit so 'n mooi sonskyndag en warm dat die mense onder die bome moes gaan sit. Die huwelik ná 50 is wonderlik," het sy bygevoeg.*

ANGELO TRAP DAT DIT KLAP: *Angelo Ford, wat vir die afdeling finansies in Hermanus werk, is 'n geesdriftige fietsryer wat verlede maand die Kaapse Fietstoer in 'n tyd van 3:30 voltooi het. Mens loop hom en sy oefenmaats Byron May en Ashley Swartz gereeld op die pad raak. Dié drie fikse manne wil weet hoeveel Overstranders belang stel om op 'n Saterdagoggend aan 'n Park Run deel te neem. Komaan mense: Hier's 'n wonderlike geleentheid om van daai ekstra energie ontslae te raak en te bewys dat Overstrand se amptenary 'n gesonde en aktiewe lewenstyl onderskraag!*

SWEET SIXTEEN: *Baie jong meisies droom van 'n unieke verjaardagpartytjie vir hul 16de verjaardag. Só was dit dan ook met Robin Leigh, dogter van Johnty Kesner van die bate-afdeling op Hermanus, wat op 7 April haar soetste verjaardag gevier het. Almal moes pienk en wit aantrek en die partytjie is by hul huis op Botrivier gehou. Hier is Johnty saam met sy gesin: verjaardagmeisie Robin Leigh, vroulief Jasmaine en seun Connor.*

Phambili se voormalige redakteur nou Overstrand se nuutste raadslid

Vroeg in Maart vanjaar het ons voormalige redakteur, Charmaine Resandt, die posisie as proporsionele raadslid aanvaar wat vakant geword het met die heengaan van die voormalige burgemeester Rudolph Smith.

Alom bekend vir haar slag met woorde, is jeugontwikkeling een van Charmaine se grootste passies en veral die rol wat sport in hierdie verband kan vervul. Om die waarheid te sê, dit is haar voorliefde vir sagtebal wat gelei het tot die daarstelling van die Overstrand Titans-sagtebalklub in Kleinmond in Desember 2016. Enigeen wat die boerie braai bygewoon het om fondse vir Steven Drury in te samel, sal ook kan getuig dat sy 'n mens vol deernis is wat nie skroom om skouer aan die wiel te sit wanneer dit by die organisering en beplanning van geleenthede kom nie.

Manlief Rodrick bedryf sy eie besigheid as 'n vishandelaar in Kleinmond se hawe. Die egpaar het twee volwasse kinders: Kijl, wat aan boord van verskeie toerskepe werk en dogter Jami wat vir Woolworths in Kaapstad werk. Met dié dat die spreekwoordelike nes nou leeg is, is hul geliefde mopshondjies Mugsy en Bugsy nou die middelpunt van hul bestaan, en dié twee gedy behoorlik onder al die aandag en liefde wat aan hulle geskenk word.

Oor die vraag wat haar na aan die hart lê, hoef Charmaine nie lank na te dink nie: "My gesin en hul welstand is bo-aan die lys. Daarna om my gemeenskap na die beste van my vermoë van diens te wees. Van die grootste belang is egter om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die blootstelling van ons jongmense aan soveel as moontlik geleenthede sodat ook hulle hul volle potensiaal kan verwesenlik."

Jy lê ons na aan die hart, raadslid, en ons wens jou alles van die beste toe!

OVERSTRAND ERKEN PERSONEEL VIR LANG DIENS

Glimlagte wat van tevredenheid en trots spreek was aan die orde van die dag toe 54 personeellede van Munisipaliteit Overstrand tydens 'n raadsvergadering wat op Woensdag 25 April 2018 gehou is, hul langdienssertifikate van Uitvoerende Burgemeester raadsheer Dudley Coetzee ontvang het.

HERMANUS ADMINISTRASIE

Voor (l-r) Fundiswa Mdlangazi (15 jr), Wilhelm Plaatjies (10 jr), Heathley Plaatjies (10 jr), Burgemeester Dudley Coetzee, Siphiwo Magwaza (10 jr), Romeo Stevens (10 jr) and Rdl Andrew Komani. 2de ry (l-r) Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Edgar Hendricks (10 jr), Josef Slabbert (10 jr), Zimisele Vetyu (15 jr). 3de ry (l-r) Ludidi Mbizo (15 jr), Llewellyn Lukas (10 jr), Mhlanganiseli Mtshizana (30 jr), Penelope Aplon (10 jr), Elia Cekiso (15 jr). 4de ry (l-r) Xolisani Ntsoto (10 jr), Solomon Khoni (15 jr), Elzene Charles (15 jr). Agter (l-r) Gerhard Smit (10 jr), Gerhard Coetzee (25 jr), Schalk van der Merwe (10 jr), Elmarie Hooneberg (15 jr). Afwesig: Deniel Barry (10 jr), Sonja Afrika (15 jr), Aileen Theart (10 jr), Johan van Taak (10 yrs), Potgieter (10 jr), Tasneem Concalves (10 jr), Hannes Visser (10 jr), Tahndiahaya Bango (10 jr), Alton April (10 jr), Mzwandile Dyonta (15 jr), Nkosinathi Stemela (15 jr), Melanie Swartz (15 jr), Mthunzi Mzilikazi (15 jr), Kwawyzeni Jali (15 jr), Zimisele Vetyu (15 jr), Mthembe Mteyise (15 jr), Howard Januarie (15 jr), Lee-Ann Rauch (25 jr) en Florence Ngwanja (35 jr).

In sy boodskap aan die werknemers wat vir hul lang diens vereer is, het Burgemeester Coetzee gesê dat vir hom 'n eer is om sertifikate vir nie minder nie as 820 jaar se gekombineerde diens toe te ken! Hy het bygevoeg dat dit tekenend van toewyding aan en 'n verbintenis tot die munisipaliteit is en personeel vir hul gewaardeerde bydrae bedank.

Met 'n indrukwekkende 35 jaar van diens agter haar naam, het kassier Florence Ngwanya (Hermanusadministrasie) uitgeblink tydens die langdienstoekennings. Ongelukkig kon sy weens werksverpligtinge nie persoonlik die geleentheid bywoon nie.

KLEINMOND EN GANSBAAI ADMINISTRASIES

Bonginkosi Gerald Ntozakhe (Kleinmond - 15 jr), Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Omoria Samuels (Kleinmond - 25 jr), Mbuyiselo Ngwenya (Gansbaai - 20 jr), Hendry Gudu (Kleinmond - 20 jr), Burgemeester Dudley Coetzee, Solomon Booysen (Gansbaai - 25 jr), Asian Ngwenya (Gansbaai - 10 jr), Defrane Dahl (Gansbaai - 25 jr), James Felix (Gansbaai - 25 jr), Paul de Villiers (Gansbaai - 20 jr) Rdl Andrew Komani.Afwesig: Zolani Mxhosa (Kleinmond – 15 jr), Liezel Hanekom (Kleinmond - 10 jr), Andreas Reichert (Kleinmond – 10 jr), Malinda Crafford (Gansbaai – 10 jr), Danie Maree (Gansbaai - 25 jr)

ONTMOET CARL OPPELT:

DIE NUWE [SKAAM] OU AAN DIE STUUR VAN SAKE BY UITGAWES EN BATEBESTUUR

"Others can inspire you, but ultimately the only thing that empowers you is what lies within you and learning how to better utilize what you've been given."

Hierdie woorde van T.D. Jakes, sê Overstrand se nuutaangestelde bestuurder: uitgawes en batebestuur, is wat hom inspireer en dit is waarom hy vasberade is om sy meestersgraad in Publieke Administrasie einde vanjaar aan die Universiteit van Stellenbosch te verwerf.

In antwoord op die vraag oor wat hy graag as bestuurder van die afdeling uitgawes en batebestuur in Overstrand se departement finansies sou wou bereik, was sy antwoord: "Ek bevind my in die gelukkige posisie waar ek heelhartig met my senior bestuurder se visie saamstem. Ons is van voorneme om ons departement selfs beter te laat presteer deur geleenthede vir vaardigheidsontwikkeling te skep sodat personeel so pragmaties moontlik bemagtig kan word en om 'n omgewing te skep en te handhaaf waarin 'n positiewe ingesteldheid dit vir almal moontlik maak om hul beste te lewer: Bemagtigde mense is gemotiveerde mense. Gemotiveerde mense is innoverend. Innoverende en hardwerkende mense het die vermoë om alle grense te oortref."

Op die vraag oor hoe hy graag tot Suid-Afrika se vooruitgang sou wou bydra, het Carl onomwonde geantwoord dat hy graag sou wou toesien dat Suid-Afrika wegbeweeg van 'n welsynstaat.

"As ons 'n omgewing en kultuur van selfbemagtiging en selfonderhouding daar kan stel, sal ons op die lange duur

armoede verlig, inklusiewe ekonomiese vooruitgang bewerkstellig, misdaad uitroei en tot 'n algehele verbetering in mense se lewensgehalte bydra. Maar dit kan slegs vermag word as daar klem gelê word op en belê word in die volgehoue ontwikkeling van vaardighede en kennis. Van groter belang is egter dat ons seker moet maak dat daardie vaardighede en kennis oorgedra word."

Op 'n persoonlike vlak erken Oppelt dat hy baie by sy vorige bestuurders en toesighouers geleer het, veral die mense met wie hy die salariskantoor gedeel het: "Die vaardighede (selfs die "sagtes") wat ek daar verwerf het, gaan van geweldige waarde in my nuwe pos wees," het hy gesê.

Carl is getroud met Olivia, en spandeer graag tyd saam met haar en hul twee kinders (Dante en Ava), asook sy ouers, Karel en Elizabeth. "Wanneer mens in die geskelskap van ouer, wyser mense is, kan jy stuksgewys van hul wysheid leer, en dit is vir my verrykend," het hy bygevoeg.

Ons by Phambili verwelkom u bydraes en sien daarna uit om enige berigte by e-posadres: rsteenekamp@overstrand.gov.za of tzweni@overstrand.gov.za te ontvang. So nie, kan u die redaksiespan by 028 313 8043 skakel.